

29 Julie

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:12-20

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:15, 17

Jubel oor die grootste God se genade!

God is Koning ... vir altyd ... van voor die skepping tot na die herskepping. Hy is nie aan enige agteruitgang of doodsheid onderworpe nie. Sy grootsheid veroorsaak dat geen mens na Hom kan kyk en lewe nie. Hy is God ... Hy alleen.

Maar ... Hy is 'n unieke God ... 'n God wat in genade optree. Hy stuur sy Seun in die wêreld in ... nie om te kom wegstoot en vernietig nie, maar wel om te kom verlos. Twee keer beklemtoon Jesus ... juis wanneer Hy met tollenaars gekonfronteer word, met hulle wat as van die grootste sondaars bekend gestaan het ... Ek kom vir sondaars (Luk 5:27-32, 19:1-10)!

Deel van die sondaars was Paulus. Hy het Jesus belaster, Jesus se liggaam vermoor (Hand 8:1-3, 9:1-2). En tog ... tog het Jesus Paulus in diens geneem, hom getrou geag, hom krag gegee. God se genade was baie groter as Paulus se sonde. God se genade het oor alles gevloei. En God se genade was en is die bewys dat Hy geduldig is.

In Paulus het jy en ek 'n heerlike voorbeeld van die grootse God se genade. Wanneer jy in Jesus glo, word jy gered ... ongeag van wie jy is of wat jy gedoen het. Daarom kan ons jubel ... jubel oor ons unieke God, jubel oor sy genade, jubel oor ons nuwe lewe. Ja, aan Hom kom toe die eer en die heerlijkheid tot in alle ewigheid. Amen ... sê elkeen van ons!

Sing: Skrifberyming 4-6

Ds PW Kurpershoek (Middelburg, Mpumalanga)